NWU Statistiese Konsultasiediens

Betalingskategorieë, Faktureringsmetodes en Fooistruktuur

Die vyf verskillende betalingskategorieë en hulle verwante faktureringsmetodes wat hieronder aangegee word, is beskikbaar wanneer jy van SKD se dienste gebruik maak.

Betaal-stroom	Betalings-kategorie	Beskrywing	Faktureringsmetode
1	A	Nagraadse Studies	Studenterekening
2	B	Studente van Ander Universiteite	Formele Fakturering
3	C	NWU-Departement met Befondsing van buite (bv. NNS, bedryf, ens.)	Interne Eis
3	D	Privaatsektorkliënte	Formele Fakturering
1	E	Personeel	Interne Eis

Die volgende geldestruktuur is van toepassing:

Beskrywing van Gelde	Tarief per Kategorie (BTW Uitgesluit)		
	A en E	B en C	D
Beplanning en Nagaan van Vraelys	R250 per uur	R1100 per uur	R1900 per uur
Statistiese Analise en Data-ontginning	R340 per uur	R1100 per uur	R1900 per uur
Hulp met Interpretasie van Resultate	R340 per uur	R1100 per uur	R1900 per uur
Nagaan van Finale Verslag	R340 per uur	R1100 per uur	R1900 per uur
Hulp met Publikasies	R340 per uur	R1100 per uur	R1900 per uur
Datavaslegging	R0,11 per karakter*		
Datakodering en Transkribering	R340 per uur		
Drukwerk	R1,50 per bladsy		

***Onderhewig aan bykomende koste van R270 per uur as vraelyste genommer moet word en bykomende hanteringsgeld van R2.80 per vraelys as SKD nie die data ontleed nie.**

Let wel:

- Bogenoemde tariewe word per halfuur gehef (’n 30-minuut-analise vir kategorie B-kliënte sal byvoorbeeld R550 kos).
- Alle gelde is onderhewig aan verandering.
- Alle gelde is aan ’n jaarlikse verhoging onderhewig.
- Kategorie A, B en D is aan 15% BTW onderhewig.

Betaling van rekening

Die kliënt bly uiteindelik vir die betaling van die rekening verantwoordelik. Ingevolge die NWU-beleid moet alle debiteure binne 30 dae ingevorder word, en SKD behou die reg voor om verdere ontledings of finale aftekening te weerhou op rekeninge wat meer as 30 dae agterstallig is.